CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. IN U LIG SIEN ONS LIG
JAARGANG XXXII NOMMER 2 VRYDAG 25 FEBRUARIE 1977

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodighede:
Johan Claassen Broers



*Prof. v. Dyk by die eerste twee registrasies. v.l.n.r.: Algerda Malherbe, Prof. v. Dyk, Theo Senekal.*

# DIE INSPIRASIE EN RIGTINGGEWER VAN 'N VOLK

**„As jy vir mense gesê het jy gaan na Potchefstroom om 'n funksie by te woon ter ere van Prof. Dr. J.D. du Toit, sou hulle jou vra, wie is die man? Maar as jy gesê het jy gaan na Potchefstroom om 'n huldigingsfunksie van Totius by te woon, dan het selfs die kleinste geweet wie die man is", het die Eerste Minister, Mnr. John Vorster verlede naweek by die onthulling van die Totiusbeeld gesê.**

Hy was by uitstek die een man wat geleef het soos hy geglo het. Dit kan nie van baie mense in ons tyd gesê word nie.

Waarom dan 'n standbeeld vir die huldiging van hierdie man? is 'n vraag wat baie geopper word. Standbeelde is mos net beskore vir vorste, veldhere en staatsmanne. Hy was 'n groot Christen teoloog, skrywer, digter, Godsman en Bybelvertaler. Maar daar was ook ander wat dieselfde gedoen het. Wat onderskei hom dan van die ander?


„Totius was die inspirasie en rigtinggewer van 'n hele geslag of twee van jongmense en kinders van sy volk, en ons is deel van daardie kinders", het mnr. Vorster gesê.

Totius was daar toe sy volk hom nodig gehad het, daarom was hy die stem en gewete van sy volk. Soos Dawid van ouds by God vir sy volk ingetree het, so het Totius ook vir sy volk ingetree.

'n Volk sonder hart, wat God is, is soos 'n wolk sonder water en 'n skip sonder kompas. Daarom het Totius die stem van Potchefstroom geword, en Potchefstroom die stem van Suid-Afrika.

Ons moet voortbou op wat Totius vir ons neer gelê het, want as die Afrikaner val, val almal in die land saam met hom.

FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK



*Mnr Voster neem die onthuldiging van die Totiusbeeld waar. / Foto deur Fotokuns.*

## VAAL RIVIERSE TAK VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

**Studente wat heerlik-lui op die Pukkampus rondslof is seker heeltemal onbewus van die aktiwiteite van hulle mede-studente by die Vaalrivierse Tak.**

Vanaf vanjaar begin die PUK met voltydse klasse by hulle „kampus" te Vanderbijlpark. Kursusse wat voltyds aangebied word is B.Sc., B.Comm. en B.A. As mens nou in gedagte hou dat daar in 1976 'n optimistiese skatting was dat slegs 30 studente sou inskryf en dat die groepie hier alreeds na aan die 60 studente is, dan lyk dinge sommer baie belowend. Die bykans 500 na-uurse studente is natuurlik buite rekening gelaat.

Die vakke wat hier voltyds aangebied word is onder andere B.A.: Engels, Noord-Sotho, Afrikaans-Nederlands, Ekonomie, Geskiedenis, Zoeloe, Geografie, Psigologie en Sosiologie. B.Sc.: Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Operasionele Analise, e.a. B.Comm.: word volledig aangebied.

Klasse word vanaf 14h00 tot 17h20 bygewoon. Dit gee die student die geleentheid om soggens wanneer die verstand redelik helder is, hom met volle krag aan sy studies te wy.

Die Hoof van die Tak is prof. T.A. van Dyk. Die voltydse personeel wat vanaf Potchefstroom oorgeplaas is en wat alreeds in Vanderbijlpark woonagtig is is proff. H.J. Swanepoel, J.M. Hattingh, H.J. Weber; mnre. D. Gouws, E. van Loggerenberg, S. Kruger, P. Prinsloo, L. Venter. Mnr. C. Windell is die voltydse Skakelbeampte.

Die studente hier is sommer baie entoesiasties oor die hele aangeleentheid. 'n Komitee van vier is alreeds gekies wat in noue voeling met die S.S.R. sal wees. 'n Muurbalklub onder leiding van mnr. Daan Gouws is alreeds in die lewe geroep en bestaan uit studente en dosente. Tans word daar goedgunstiglik van Yskor se fasiliteite gebruik gemaak.

'n Sêr-groep is ook al op die been gebring. Ja-nee, dit leef en beef by die Vaalrivierse Tak.

Terloops, die studente ontvang natuurlik nie lesings onder bome nie. Die pragtige geboue wat deur die Universiteit aangekoop is maak voorsiening vir 2 300 studente. Hoe lyk dit, gaan 'n koshuis nie die voortou neem om hierdie groepie studente uit te nooi na 'n funksie nie?

# BRAND MAAK OË OOP

**Brande en brandstigting was die afgelope tyd iets alledaags en het op sommige plekke, veral in swart woonbuurtes onnodige groot skades aangerig. Ons dink nie altyd daaraan dat so iets op ons kampus kan gebeur nie.**

Bietjie meer as 'n week gelede was daar wel 'n brand op die kampus, en nogal in die hoofgebou. Daar is nou wel nie groot skade aangerig nie, en ook nie as gevolg van onluste nie, maar 'n brand bly 'n gevaarlike saak.

Die oorsaak van die brand in een van die regsdosente, Mnr C.F.C. van der Walt se kantoor, is nog nie bekend nie. Dit is egter duidelik dat dit 'n ongeluk was, en nie opsetlik nie.

Slegs die mat en 'n duur Patryshoutlessenaar van ongeveer R1 200 wat die persoonlike eiendom van Mnr van der Walt was, het uitgebrand. Mnr van der Walt was tydens die brand in Wes-Duitsland. Sy kantoor is deur 'n ander personeellid gebruik.

Mense het tydens die brand oor mekaar geval en 'n ligte konsternasie is veroorsaak want daar was 'n tekort aan brandblussers, en van die wat van elders gehaal is, het meer as die helfte nie gewerk nie.

Die brandweer is later ontbied en hulle moes van gasmaskers gebruik maak om die vlamme te blus.

Gelukkig het hierdie brand ons oë oopgemaak want daar is besef dat 'n brand so maklik kan ontstaan en wat doen ons om dit doeltreffend te blus. Ons besef dit nie elke dag nie, maar 'n natuurramp of opsetlike brandstigting kan op die kampus voorkom, en menselewens kan in gevaar wees.

Hoeveel werkende brandblussers is daar in ons koshuise, hoeveel keer word blussers en brandslange slegs vir pret gebruik.

In 'n gesprek met Maj. du Plooy, sekuriteitshoof van die Universiteit, het hy gesê daar is 'n ondersoek aan die gang na die moontlikheid van 'n noodeenheid op die kampus.

Daarom Pukke, dink twee keer voordat ons met die brandbestrydingsapparaat peuter.

## LEES BINNE

| | |
|---|---|
| A.S.B.-Verslag | Bl. 2 |
| Esperanto | Bl. 3 |
| Restorasie | Bl. 3 |
| Ontgroening | Bl. 10 |
| Koshuise | Bl. 11 |
| Sport | Bl. 12 |



*Prof. Tjaard van der Walt ontvang Totius-beeld van Mnr. Louis Luyt - Foto Fotokuns*

Kobus du Plessis



STADSRAADVERKIESING
2 MAART 1977
U Kandidaat:
KLAWERHOF, KULU, CAPUT, HEIMAT, HOMBRE, THABA JÄH EN UITSPAN
Stemlokaal:
KERKSAAL, GEREFORMEERDE KERK - NOORDBRUG, GERRIT DEKKERSTRAAT
Opgestel en geplaas deur: D.J. du Plessis, Meulstraat 6, Potchefstroom

# PRESIDENSIËLE VERSLAG VAN DIE A.S.B.

**„Kragtig, dinamies en met geloof staan die Afrikanerstudent in die voorlinies. Motivering vir hierdie stelling is oorbodig." So het die president van 1976 van die ASB, mnr. M. Schalekamp gesê in sy presidensiële verslag vir 1976.**

Hy het daarop gewys dat die ASB nog altyd betrokke was by gebeurtenisse, soos die taalstryd in 1911 en die ASB was een van die eerste bewegings om die Afrikaner se Republikeinse ideaal te stel.

Oor volkere verhoudinge in Suid-Afrika het mnr. Schalekamp gesê dat daar geen plek bestaan in Afrikanerstudentegeledere vir 'n ekskuus-dat-ek-lewe-houding nie. Daar moet gewerk word aan 'n saambestaan van afsonderlike volke en groepe. Variasie en standpunte onder Afrikanerstudente bestaan. Nogtans is die Christelik-nasionale uitgangspunte soos 'n goue draad deur alles heen gevleg. Dit is die geesteskrag wat die saambindende faktor is in ons geledere.

Hy het verder gesê dat die ASB vertoon twee dimensies, naamlik 'n kulturele en studente politieke dimensie. Dit maak van hierdie organisasie 'n funksionele en effektiewe organisasie.

Die funksionaliteit word weerspieel deur al die suksesvolle projekte wat aangebied is en die groeiende belangstelling en ondersteuning vir hierdie organisasie. Die hoogste prioriteit van die ASB naamlik, om aan die Afrikanerstudent geleentheid te bied om dit wat eie aan hom is te beleef en daaraan uitdrukking te gee, is in 'n toenemende mate besig om verwesenlik te word.

Mnr. Schalekamp het ook daarop gewys dat die effektiwiteit van die ASB nie alleen blyk uit die bywoning van byeenkomste nie, maar ook uit die feit dat die Afrikanerstudent as Christen-Afrikaner standpunt instel. Die klem het verskuif sodat die vraag nie meer is wat doen die ASB vir my nie, maar wat doen en sê ek as Afrikanerstudent vir die ASB.

Wat studentepolitiek betref het mnr. Schalekamp gesê dat ongekende woelinge het plaasgevind in die Engelse studentelewe. Nusas het vanweë sy radikaliteit en dislojale gesindheid teenoor Suid-Afrika en as politieke drukgroep wat skuil agter die beeld van 'n studenteorganisasie sy einde verhaas. Skakeling met so 'n organisasie is onaanvaarbaar, nie omdat politieke standpunte lynreg teenoor die ASB staan nie, maar omdat dit ook nie 'n bona fide studenteorganisasie is nie.

Wat skakeling betref moet dit 'n definitiewe doel dien en daarom het die ASB besluit op 'n langtermynskakelingsbeleid.

Hoewel die ASB nog altyd sy deure oopgehad het vir her-affiliasie van Stellenbosch by die ASB moet dit nooit losgelaat word nie dat die ASB hom op 'n beginselgrondslag stel, wat nie maar net 'n leë term is nie, maar inherent is aan die Afrikanerstudent naamlik die Christelik-nasionale grondslag.

Ten slotte het mnr. Schalekamp gesê dat die ASB 'n faktor in die studentelewe geword het waarmee rekening gehou moet word. Na binne bestaan 'n hegte eenheid, na buite staan ons nie apologeties nie. Juis daarom sal ons steeds met idealisme maar ook met realisme die probleme van ons tyd moet benader. Ons Christen-Afrikanerskap dryf ons daar toe.

## OE! DIS LEKKER

**OM WEER** mens te wees, nie „dit" nie! Om weer los hare te dra en mooi kraletjies en serpies aan te hand. Dis laatslaap en poeding eet en Puk-Pik toe gaan net wanneer jy wil. Die lekkerste van alles – om vir Ma te kan bel en met 'n mes en vurk te eet! Niks meer dorerokke en naamkaarte en stink tekkies nie.

Ag hoe heerlik om op jou naam genoem te word! Totsiens doretyd! Totsiens drake, totsiens „nuwe" HK! Hallo medestudente en mense. Hallo ou HK. Groot was die vreugde toe ons besef ons is nou déél van die koshuis en die Puk. 'n Mens voel sommer lus om alles in te sit om van hierdie jaar 'n sukses te maak. Oe! dis lekker om 'n Puk te wees!



*Verskeie lengtes in Wanda*

# ASTER LIG HOEDJIE EN SÊ "HALLO"

**Pukdames – seniors en eerstejaars, dit is met 'n lied in die hart dat ek julle welkom heet na 'n lekker lang vakansie van salige rus en doen wat jy wil. Geluk aan die seniors en veral die HK-lede wat die twee weke van opheffingswerk onder die dore oorleef het.**

In drie maande se tyd kan en het daar ook baie dinge gebeur. Kyk maar net na al die hande met verloofringe en troupante aan. Baie geluk aan hierdie dames met die aansienlike vordering wat hulle gemaak het.

Dames, die somerdae is héerlik en so ook die dae op die Puk. Finale jaar studente, moenie te vinnig deur 1977 draf nie, dit gaan só gou verby! Eerstejaars, geniet alles want dit is maar net die begin van groot dinge.

Met Karnaval op hande is daar nie meer tyd vir sluimer en slaap nie, maar ons moet met al ons vroulikheid inklim en help om van Karnaval '77 'n onvergeetlike gebeurtenis te maak. Geniet dit dames want julle is almal studente van die Puk.

ASTER het ook vol entoesiasme die deur van die vakansie saggies agter haar toegetrek en die kampus betree. Julle moet haar raaksien dames want sy is julle s'n. Vertel hierin van julle griewe, julle tevredenheid of sommer net iets waarvan almal moet weet.

Ek wil dan ook graag die Asterkomitee aan julle voorstel.

Voorsitster – Ilse Kuun
Sekretaresse – Anita Badenhorst
Wapad verteenwoordigster – Annalien Coetsee
Addisionele lid – Ester Smal
Skakeling en studentevaria – Salomie Bester
Reklame – Marina Jordaan
Stephanie Kromhout
Gassprekers – Anita du Plooy, Gertruida Malan
Verversings – Ester Smal
Weerbaarheid – Nicolene Nel

Die jaarprogram is ook reeds gedurende 1976 bespreek en daar is besluit dat daar geen damesweek gedurende 1977 gaan wees nie, maar dat gereelde maandelikse aksies gaan plaasvind. Hierdie aksies gaan van so 'n aard wees dat mans dit ook sal kan bywoon.

Skakeling met ander kampusse en gereelde kontak met studentevaria vorm 'n belangrike aspek van die Aster werksaamhede. Weerbaarheid wat deur Nicolene Nel behartig word is gekoppel aan die Weermag en ook aan Kuesta '77. Aster is ook 'n spreekstem vir die dames in die Wapad. Gooi dus julle gewig in, wees lojaal en help almal dat ons van hierdie jaar 'n groot jaar maak.

# VRYHEID, GELYKHEID EN SUSTERSKAP

*We demand*
*freedom of press*
*although we*
*have nothing*
*to say*
*and nothing*
*worth printing*

*(Gibran)*

ONS AS Puk-dames maak aanspraak op voorregte, regte en vryhede maar wat is ons bydrae? Neem nou maar die Damesblad van die Wapad as voorbeeld:

Drie of vier dames skryf beriggies.


Die massa het niks om te sê nie, niks om te publiseer nie.

Wanneer dit egter by kritiek kom, dan het elkeen iets te sê – ons is mos „geregtig" daarop!

Ek raas nie – ek sê maar net. En ek is ook nie kwaad nie – net ongelukkig.

Liewe Puk-aster – jy wat nou hier lees is 'n unieke wese – fisiek, intellektueel en emosioneel, en jy het sekere talente en goeie eienskappe wat niemand anders het nie. Jy het 'n verantwoordelikheid om jou plek vol te staan in die gemeenskap, jou stem te laat hoor. Wat dink jy byvoorbeeld van 'n dame op die SSR, skakeling met anderstalige en anderskleurige universiteite? Is Politiek en landsake net vir mans? Kan 'n Puk-dame 'n intelligente gesprek voer en haar menings motiveer? Wat dink jy van kleredrag op die kampus, Sondagsport? SKRYF – almal wil weet.

Puk-dame – sluimer jou besondere eienskappe onontluik of is dit met 'n lagie minderwaardigheid bedek? Kom – gló in jou Skepper, jou vermoëns, jouself. Aktiewe deelname en betrokkenheid sal jou net verryk. Gebruik jou individualiteit tot voordeel van jouself, die gemeenskap, die Puk, die DAMESBLAD!.



*Don't look away from the world. Give yourself to it. (Walter Rinder)*

## IN 'N NEUTEDOP

**Hoe om mense van jou te laat hou:**

1. Begin intens belangstel in ander mense en hul doen en late.
2. Glimlag.,
3. Onthou dat iemand se naam vir hom die belangrikste en soetste woorde in Afrikaans is.
4. Wees 'n goeie luisteraar. Moedig mense aan om oor hulleself te praat. Disraeli het gesê: „Talk to a man about himself and he will listen for hours".
5. Praat oor dinge waarin die ander persoon belangstel.
6. Laat die ander persoon belangrik voel – en doen dit opreg.

Pas hierdie lewensfilosofie van Dale Carregie noú toe – waardeer die persoon die naaste aan jou en dit sal soos 'n towerslag werk.

# Verpleegsters kan Meesters en Doktorsgrade behaal

**Meesters- en doktorsgraadstudie in die Verpleegkunde word van 1978 af aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO aangebied, vir die eerste keer sedert die ontstaan van die departement Verpleegkunde aan dié Universiteit elf jaar gelede.**

Volgens die hoof ván die departement Verpleegkunde, prof. dr. Elizabeth Coertse, is daar besluit om die studie in Verpleegkunde meer op die verkryging van graad- en na-graadse kwalifikasies toe te spits. Dit is moontlik gemaak nadat 'n anatoom op die personeel van die departement Verpleegkunde aangestel is. Anatomie sal van die begin van 1977 af as afsonderlike vak vir graadstudente in die Verpleegkunde aangebied word.

„Ons moet die anatoom net eers kans gee om in 1977 sy voete te vind voordat ons met meesters- en doktorsgraadstudie begin," het prof. Coertse gesê.

Met die verskuiwing van die klem na graad- en nagraadse studie word die voorgraadse diploma in Verpleegkunde, wat drie en 'n half jaar geduur het, aan die einde van 1978 beëindig. Die laaste studente wat nou met dié kursus besig is, studeer af.

„Die verpleegster met 'n graad of nagraadse kwalifikasie het vandag die spreekwoordelike wêreld aan haar voete", het prof. Coertse gesê.

„Daar is nie net as gevolg van die tekort aan opgeleide verpleegsters genoeg werkgeleentheid nie, maar die moderne verpleegster kan haar op 'n hoë vlak in haar werk uitleef. Sy kan in 'n sestal rigtings spesialiseer en as beroepsmens haar plek in die samelewing vol staan.

„Terwyl die student in die Verpleegkunde aan haar graad werk ontvang sy reeds 'n salaris en het sy dus geen finansiële bekommernisse nie. In die eerste studiejaar is die salaris R2 100 per jaar en dit word jaarliks verhoog met R150 tot R2 850 per jaar", het sy gesê.

Aan die Potchefstroomse Universiteit duur die studie vir die graad in Verpleegkunde, B. Art. et Scien., vier jaar. Ná verkryging van die graad word die student by die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad as verloskundige en algemene verpleegster geregistreer. Ná 'n opsionele ses maande kan dié student ook psigiatriese verpleging afhandel en ook daarin geregistreer word.

Praktiese werk wat vereis word, word by die hospitale van Potchefstroom en Klerksdorp gedoen en vir die eerste twee jaar van haar studie is die studenteverpleegsters ten volle lid van die studentegemeenskap. Sy bly dan ook in 'n Universiteitskoshuis.

Voorkomende en Bevorderende Gesondheidsorg word in dié departement ook reeds voorgraad as 'n aparte vak aangebied en bied dus toelating vir studente tot nagraadse studie in dié vak aan, het prof. Coertse gesê.

Verdere uitbreiding ten opsigte van die basiese graadstudie, in die sin dat 'n tweede basiese graad moontlik aangebied sal word, word volgens prof. Coertse by die PU vir CHO in die vooruitsig gestel asook nagraadse studies in Psigiatriese- en Opvoedkundige Verpleegkunde. „Die planne is egter nog in die kinderskoene. Ons wil nou eers die na-graadse studie in Verpleegkunde aan hierdie Universiteit stewig op die been bring", het sy gesê.

# RESTORASIO LEEF!

**Restorasio. Die nuutgestigte klub onder die Kultuurraad, Wat is dit? Die klub beoog om geleentheid te bied aan daardie studente wat belangstel om oudhede (veral ou motors) te restoreer.**


Die pas afgelope uitstalling het dan ook duidelik die loop van die restoreerproses getoon. Soos u gesien het, was daar ,aan die begin 1935 Ford' tot by die puik 1936 Chev en 1928 A Ford. Restorasio se restoreerproses behels dan die gesamentlike herbouing van die lede se motors. Vir die hardwerkendes beplan ons 'n werkswinkel/klubhuis wat spoedig op die terrein sal verskyn. Daarin sal daar voldoende gereedskap wees om die restoreerproses uit te voer. Natuurlik ook ontspanningsplek.

Ons wil dit tog duidelik stel dat Klub Restorasio nie net vir ,mechanics' is nie maar veral vir plesierige studente. Die plesierigheid sal dan ook duidelik te voorskyn kom uit ons sosiale bedrywighede. Ons beplan so bv. om ,ampsmotors' vir dameskoshuise beskikbaar te stel tydens karnaval. Verder bv. dirigente tydens intervarsity aan te ry. So dan ook ons Rally tussen Potch. en Klerksdorp. Ons kan sekerlik dan ook van die groot aantal vleisbraaie wat sal plaasvind, melding maak.

Groot ,gesocial' né!

Almal is welkom om aan te sluit. Ons openingsvergadering is Woensdag 2 Maart om 7.30 nm by die Fisikagebou.

Sien julle daar Pukke.




*Dit is waarna ons streef.*

# ESPERANTO PUK

**,,Saluton!" Met hierdie groet begroet 'n dertigtal Pukke mekaar soms op die stoepe en op die kampus. Hulle is lede van Esperanto-Puk. En as hulle uitgesels is, groet hulle met 'n ,,ĝis revido!" (tot weersiens!)**

Verlede jaar is 'n vereniging aan die PU vir CHO gestig met die doel om Esperanto aan te leer en kennis daaromtrent te versprei. Daar is weekliks klasse gebou in hierdie taal en spoedig het hier en daar frases en uitdrukkings in Esperanto hulle verskyning gemaak sommer in gewone gesprekke.

**Wêreldtaal**

Esperanto is 'n kunsmatige wêreldtaal, wat tans deur sowat 8 miljoen mense gebruik word en met nog ongeveer 8 miljoen mense wat dit een of ander tyd aktief beoefen het en nog kan praat en verstaan.

Eindelik is dit vatbaar vir misverstand om dit 'n wêreldtaal te noem, aangesien die doel van Esperanto nie is om bestaande kultuurtale soos Afrikaans en Engels te vervang nie. Die doel van Esperanto is eerder om 'n omgangsmedium te wees, wat internasionaal verstaan word, náás moedertale, wat steeds gekoester sal word.

Die sterk punt van Esperanto is dat dit geen uitsonderings in sy grammatika het nie en dus besonder maklik aangeleer kan word. Met 'n uur per dag oefening by die huis, kan 'n mens binne drie maande die standaard bereik om 'n onderhoudende gesprek te voer. Uit proefnemings het geblyk dat Engelstalige studente van Frans, Esperanto aanleer in sowat 13% van die tyd wat dit hulle neem om dieselfde vlak in Frans te bereik.

Esperanto is die geniale produk van 'n Poolse geneeskundige, dr Ludviko Zamenhof. Sedert die ontstaansjaar in 1889 het Esperanto geweldige vordering gemaak. Aanvanklik was Esperanto aangehelp voor die Eerste Wêreldoorlog deur die utopistiese gedagte van 'n wêreldvrederyk, maar na die twee wêreldoorloë, hou Esperantiste 'n meer gebalanseerde siening oor die taal daarop na.

Esperanto groei bestendig. Sedert 1905 word wêreldkongresse gehou, wat deesdae deur 'n paar duisend mense bygewoon word uit tientalle lande – en hulle praat met mekaar Esperanto, sonder die gebruiklike vertaaloorfone wat alle ander internasionale kongresse kenmerk! In 1974 is Suid-Afrika verteenwoordig deur Mnr A von Blottnitz, 'n Potchefstromer, wat ook help om Esperanto-Puk se kursus aan te bied.

Ongelukkig was daar ook terugslae in die groei, veral in die totalitêre state. So word Esperanto nie juis in Sowjet-Rusland geduld nie, hoewel dit wel baie in sy sataliet-state gebruik word. Nazi-Duitsland het ook Esperantiste vervolg.

**Neutraal**

Esperanto word tans beheer deur 'n internasionale liggaam, die Universala Esperanto-Asocio (UEA). Hierdie UEA, met setel Rotterdam, beywer hom dat die taal absoluut neutraal moet bly.

Onder ,,Neutraal" word nie noodwendig die neutraliteitsfilofosie verstaan nie.

Immers: Die UEA distansieer hom juis van groepe wat nasieloosheid en wêreldburgerskap voorstaan.

Onder "neutraal" word verstaan dat Esperanto nie die lakei wil word van 'n bepaalde stelsel soos die kommunisme of kapitalisme nie, of van 'n bepaalde kultuur, soos die Amerikaanse Coca-Cola-kultuur. Dit wil neutraal wees, in dieselfde sin as wat 'n stelsel van mate en gewigte (Die Metrieke Stelsel) neutraal is. Dit is bloot 'n handige gebruiksmiddel, wat nie kultuurimperialisme inhou nie. As 'n Afrikaner Engels wil leer, moet hy ook "inkom" in die Engelse denk- en leefwêreld. Esperanto maak so iets onnodig.

'n Vraag wat baie keer gevra word is of Esperanto nie 'n sataniese middel is om volkereverskille op te hef nie – so 'n tipe Toring van Babel. Is dit nie 'n middel in die hand van die Antichris nie, wat grense en verskille wil platveeg om sy bose doel te bereik nie? Die antwoord hierop is dat Esperanto nie so bedoel is nie, maar dat dit wel, net soos enige ander middel, misbruik kan word. Televisie is byvoorbeeld 'n "neutrale" middel, wat tot eer van God óf vir die allerslegste dinge gebruik kan word. Net so met ESPERANTO. Eintlik bied hierdie taal 'n uitdaging aan ons as Calviniste. Dis 'n middel waarmee ons baie mense kan bereik wat daarsonder vir ons onmoontlik sou gewees het.

**Indrukwekkende toepassingsveld**

Ongelukkig is Suid-Afrika een van die lande waar Esperanto tot dusver baie min wortel geskiet het. Ongelukkig – omdat dit 'n sleutel bied tot die oplossing van baie taal- en kommunikasievraagstukke.

Oorsee word Esperanto tans in 'n dertigtal hoër opvoedkundige inrigtings (universiteite) gedoseer. Baie skole bied Esperanto aan as vak. So is daar onlangs selfs in ons buurland, Madagaskar, met Esperanto-onderrig begin!

Agtien radiostasies en twee televisiestasies straal gereeld in Esperanto uit. Daar verskyn oor die 70 gereelde tydskrifte in Esperanto. Van die grootste letterkundige werke van die wêreld is in Esperanto vertaal – onder andere Shakespeare! Daar is ook vertaalde Poolse, Japannese en Indiese verhale en tientalle **oorspronklike** werke in Esperanto – poëties en prosa.

Esperanto bied ook geweldige moontlikehede vir oorsese penvriende – ook in lande waar ons met Engels nie ver kom nie. Dis ook 'n middel indien 'n mens oorsee gaan. Nie dat elke Jan Rap en sy maat jou op straat sal verstaan nie, maar in elke stad is heelparty Esperantiste, wat gewoonlik mede-esperantiste met ope arms ontvang.

Maar selfs al sou 'n mens in bogenoemde nie belangstel nie, leer Esperanto 'n mens om noukeurig te formuleer as jy praat. 'n Mens kan in Esperanto presies sê wat jy bedoel. Daar is soms dinge wat jy in Esperanto in een woord sê, waar jy in Afrikaans 'n sin voor nodig het.

**Eenvoudige grammatika**

Esperanto se grammatikale reëls bestaan uit 16 basiese wette. Voeg daarby nog enkele voor- en agtervoegsels en die sogenaamde korrelatiewe, en 'n mens het die sleutel tot die taal, wat op 'n gewone bladsy inpas en binne 'n uur geleer kan word. Daarna is dit net 'n kwessie van oefening en woordeskat.

Eintlik is woordeskat ook nie so 'n kwessie nie, want in Esperanto word 'n verskeidenheid betekenisse en woorde gebou van één, eenvoudige stam. Esperanto se totale woorde is omtrent 8 000. Alles wat 'n mens wil sê, word daaruit gevorm deur samevoegings van hierdie 8 000 woordboustene. Vergelyk dit byvoorbeeld met Engels, wat in die **Pocket Oxford** Dictionary 'n ,,skrale" 116 000 woorde het!

Die klassieke voorbeeld in Esperanto is **patro** (pa). Waar ander tale nuwe woordstamme nodig het om verwante begrippe te vorm, hoef 'n mens in Esperanto net die een stam te leer, wat op 'n konsekwente manier in ander woorde omskep kan word deur voor- of agtervoegsels:

**Patr-o** (pa)
**patr-ino** (ma)
**ge-patr-oj** (ouers)
**patr-ujo** (vaderland)

**Leer-met-prentjies**

Die kursus wat Esperanto-Puk aanbied, is 'n praktiese spraakkursus. Elke week kom die lede vir 1½-uur bymekaar en praat soveel moontlik met mekaar Esperanto. Daar word gebruik gemaak van die kursus van Dr Ferenc, Szilagyi, waar Esperanto deur medium van Esperanto geleer word. Rondom interessante en grappige sketse word gesprek gevoer. Dit word aangevul deur bandopnames van Esperanto-sangers en -sprekers en samesang deur die kursusgroep self.

**Bekendstelling**

Op Maandag, 28 Februarie, hou Esperanto-Puk 'n bekendstellingsvergadering . Alle belangstellendes word na hierdie bekendstelling uitgenooi. Veral persone wat nog niks van Esperanto af weet nie, word uitgenooi.

Die sprekers is Mnr Axel von Blottnitz en Mnr Etulo (Paul) Krüger., Mnr von Blottnitz is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Esperanto-vereniging en Mnr Krüger is die voorsitter vna Esperanto-Puk. Daar sal ook boeke te besigtig en te koop wees.

# Alabama Keuring op 28 Febr.

**Die alombekende Alabama Studentegeselskap hou vanjaar jul keuring die 28ste Februarie om 19h30 in die Totiussaal.**

Die keuring word gedoen deur die Keurkomitee van Alabama. In 'n onderhoud met die Wapad het Mnr. Douw Steyn, voorsitter van Alabama, gesê dat hulle vanjaar veral tegniese mense, sangers, trommers en 'n basghitaar speler benodig.

Oor waarheen hulle gaan toer het Mnr Steyn gesê dat die program nog nie heeltemal gefinaliseer is nie, maar dit sal heel moontlik na stede toe wees en 'n kustoer is nie uitgesluit nie.

Hy het gesê die toer sal begin die 2de Desember en hulle sal weer terug wees by die huis teen Kersfees.

Aangesien Alabama slegs Desember gaan toer is dit natuurlik 'n vereiste dat persone wat lede wil word van Alabama volgende jaar nog op die Puk moet wees.

# Vermaning

**Doretyd, dorerokke en die ontheffingdinee is verby! Nou begin modebewuste eerstejaars hulle fleurige vere regskud, want vroulikheid wat twee weke lank vasgevang was in sokkies en tekkies moet opgeknap word.**

Stadig oor die klippe nou, want ons lewe nog steeds in 'n inflasionêre tyd waar elke sent blink van al die omdraai voordat iets gekoop word. Eerstejaardames wat nou privaatdrag mag dra, behoort die volgende feite onder oë te hou: 'n Sjarmante dame se klere is nooit dié van die slaafse modegek nie. Die mode is slegs 'n riglyn waarvolgens sy aanwysings maak om haar as indiwidu te beklemtoon. Klere wat goed pas en haar vroulikheid kroon, is 'n aanwins vir enige vrou se klerekas. Wanneer klere gekies word, neem die persoonlikheid, figuur en finansies in ag en sodoende sal daar nooit 'n verkeerde kledingstuk aangekoop word nie.

Dus – besin eer jy begin.

# BUITELANDSE STUDIEBEURSE BESKIKBAAR

***,,Applikante word gesoek vir die 1978 - 79 Rotarieërs toekennings."***

So het Dick Ewing, distrik goewerneur van die Rotariërs, beskikbare beurse aangekondig vir oorsese studies gedurende die akademiese jaar 1978 - 79.

Die toekennings dek die kostes verbonde aan taalonderrig, vervoer, kos, huisvesting, en onderrig vir 'n jaar se studie in die land van die applikant se keuse.

Die Rotariërs soek mense wat maklik kan aanpas by die leefwyse van die land van hul keuse en mense wat hul eie land goed kan verteenwoordig.

Kandidate vir die toekennings moet voor 1 Maart 1977 deur hul plaaslike Rotariër klub aansoek doen vir die beurse.

Die stigting se toekennings word in vyf kategorieë geplaas. Elke gegradueerde student moet tussen die ouderdom van 20 en 28 wees en elke kandidaat moet die ekwivalent van 'n B.A.-graad hê.

Studente wat slegs twee jaar van studie voltooi het, moet tussen 18 en 28 jaar oud wees en mag nie getroud wees nie.

Applikante vir studente in die joernalistiek, moet minstens twee jaar se universitêre opleiding voltooi het. Professionele applikante moet minstens twee jaar gewerk het en moet tussen die ouderdom van 21 en 28 wees.

Applikante vir enige beurs mag nie lid van die Rotariërs wees nie of 'n familielid nie.

Verdere informasie kan verkry word van Anthony Evans, voorsitter van die distrik stigting komitee by adres Bus 41 Viljoenskroon 9520.

# FOTIEK

**Fotiek nooi vanjaar alle studente wat belang stel in fotografie met al sy fasette om te kom aansluit, al het jy tot dusver nog geen kennis of ondervinding van fotografie nie.**




*Die vorige eerste minister van Tarentalia Mnr. P. v. Vuuren se doodsvonnis word voltrek. – Foto Fotokuns*

Ons sal weer die jaar 'n reeks opleidingsklasse aanbied vir beginners sowel as vir die gevorderde lede. Kom begin gerus met 'n uiters bevredigende stokperdjie. Kleurfotografie en skyfies sal ook aandag geniet om nie eers te praat van grafiese kunste nie.

Kommunikasie studente word ook verwelkom. Julle hoef nie net koerant fotos te maak nie maar kan ook bietjie kunsfotos en verwerkings probeer.

Vanjaar bied die bestuur 'n paar spesiale items op die program: Fotiek-T-hempies, 'n besondere kamp aan die noordkus, 'n uitstappie na 'n privaat wildtuin, braaivleise, skyfieaande, interessante gassprekers, en nog sommer baie meer.

Ons sien uit na 'n baie suksesvolle jaar en ons hoop julle maak dit mee.



*Fotiek beskik ook oor 'n ateljee met die nodige fasiliteite om uitstekende portretstudies te neem.*



*Die eerste minister van Tarentalia, H. v. Schalkwyk, ontvang onafhanklikheid van Tarentalia deur sy Edele Mnr. Voster. – Foto Fotokuns*

## TARENTALIA MOET GEDULD BEOEFEN

**Ondanks gietende reën het burgers van Tarentalia in spanning voor die Voorhuis eetsaal gesit en wag om die uitspraak van die President van Tarentalia, Sy Edele Min. B.J. Vorster, ingevolge onafhanklikheid te hoor.**

Nadat ons eie hoofminister, Hennard van Schalkwyk, sy saak aan die Eerste Minister gestel het, het die minister onverpoost daarop geantwoord.

Hy het gesê dat die eis wat gestel is aan die regte adres besorg sal word en die tuisland voorspoed toegewens.

Mnr. Vorster se laaste woorde aan ons hoofminister was: "As u aanhou vra, want dit is wat 'n hoofminister moet doen, dan kry u straks wat u wil hê"

Daarop het die hoofminister aan die burgers gesê dat ons maar net geduld kan beoefen en hy sal alles in sy vermoë doen om sukses te behaal.



*Prof. Robbie was sy hande in onskuld namens die akademie. – Foto Fotokuns*



*O, wat het ek nou gesê.*

**Bult Eiendomsagente**

**Esselenstr. 9** **Foon 4800**

Nuwe UNITED AGENTSKAP Noord--brug geopen langs die nuwe Poskantoor. Ons bied alle fasiliteite van United Bougenootskap aan, asook SANTAM DERDEPARTYVERSEKERINGS. Bring julle besonderhede vroegtydig. Flinke en vriendelike diens.

**NS. Tee vir die dorstiges**

## WAT DOEN ANDER KAMPUSSE

**Ons het onsself al so baie die vraag afgevra wat doen ander kampusse – kom ons kyk bietjie na wat ander kampusse doen.**

Tukkies het 'n studentediensburo wat 'n aantal uiteenlopende dienste aanbied. Die doel van die buro is om aan studente gratis die diens te lewer om deur gesprekvoering hom te help om meer effektief, kreatief en gelukkig te leef.

Die Tukkies het 'n „afslagboeke" wat nog in 'n spoefstadium is, om die arme student ietwat tegemoet te kom. Die boekie bestaan uit adverteerders van verskillende produkte en dienste wat bepaal word volgens die behoeftes van die student.

RAU se studenteraad besoek gereeld die koshuise en hou vergaderings met die dorpstudente.

By die Bloemfonteinse Onderwyskollege is daar 'n vereniging met politieke strekking. Hulle noem dit Politieke Studiekring. Sake van aktuele belang word bestudeer en hulle vergader weekliks. Verskeie sprekers spreek die studente toe.

Die Wapad het 'n brief aan Rhodes Universiteit gestuur om sodoende ook iets meer van hulle kampus af te leer. So, een van die dae het ons dalk bietjie nuus van Rhodes af.




*Gaskunstenaars by die Four Jacks and a Jill se optrede tydens die ontheffingsdinee. – Foto's Fotokuns.*



# Ontheffingsdinee

**15h00, ja, so vroeg as 15h00 was daar alreeds 'n ondergrondse gemurmel in die koshuis. Die enigste en belangrikste onderwerp onder bespreking, was natuurlik die dinee. Geen eerstejaar of Door, was meer buite te sien nie, almal besig om hulself in orde te kry vir die ou meneer of Draak. Meestal was natuurlik „blind dates", wat die spanning en afwagting net meer laat oplaai het.**

Eindelik breek die oomblik toe aan: Nicolette Greeff, voordeur, en so dawer dit deur elke blok in die koshuis. Een vir een word ons toe uitgeroep, en dos hulle toe uit! Sjoe! Die een in 'n sjiffon tabberd, die ander in trilobal en daar was selfs 'n paar „modelle" soos „Lotty's to Millews".

Die dinee self was wonderlik. 'n Gevoel van „Puk" wees het elkeen van ons oorweldig en om alles te kroon, kan ons nie help om te glimlag vir die sterk kontras wat daar die afgelope twee aande by die Totiussaal geheers het nie. Vrydagaand, besmeer met eiers en tamaties en wit van die meel, geklee in ons doredrag. Saterdagaand, opgetof in die mooiste mooi, bekend as eerstejaars (nie dore en drake nie).

Die verwelkomingstoespraak van Prof. Bingle het ons as Pukke diep geraak en ons sal sy boodskap onthou. Namens die eerstejaars bedank ek graag die mense wat verantwoordelik was vir die reëlings. Dit is wonderlik om 'n Puk te wees! Eenmaal 'n Puk, altyd 'n Puk.

# BRIEF AAN REDAKTEUR

*Geagte Redakteur,*

*Uit die mond van verskeie politieke leiers is in die afgelope tyd die uitspraak gehoor dat Suid-Afrika Afrikaland is, en dat ons ons gewig meer by Afrika en sy problematiek moet inwerp. Hierdie uitsprake verdien almal van ons se instemming en onderstemming, sonder dat natuurlik daarby geïmpliseer word dat Suid-Afrika sy Westerse waardes, solank dit werklike gewig dra, moet prysgee. Ons kan immers nie ons afkoms negeer nie.*

*Die vraag is net waarom ons, wat geografies deel van Afrika, met sy warm (verál somer-) klimaat is, so eng aan die Westerse norme m.b.t. kleredrag moet vashou. Waarom kan mans, wat dit sou verkies nie maar wegdoen met die tradisioneel-Westerse das en baadjie nie – iets wat wel pas by Europa met sy koue klimaat?*

*Dit val op dat opgevoede Afrikane noord van ons (selfs by streng formele geleenthede) gewoonlik geklee gaan in – weliswaar soms tradisionele – kleredrag wat aanpas by die klimaatsomstandighede waarin hulle leef. Met hoë uitsondering word 'n das en baadjie gesien.*

*Dit kan ook nie ontken word nie dat produktiwiteit oor 'n breë front drasties sal verbeter as mans in Suid-Afrika gedurende die warm somermaande meer gemaklik en koel geklee kan gaan. Hoeveel manure is nie al vermors deur mense wat, oorweldig deur hitte, netjies uitgevat met das en baadjie, dit onmoontlik vind om optimaal te konsentreer nie?*

*In hierdie saak is klaarblyklik ook geen beginsel op die spel nie. Die norm is alleen dat die menslike liggaam op volledige, smaakvolle en netjiese wyse beklee moet word. Das en baadjie berus suiwer op tradisie, en wie daaraan wil klou, is 'n enge tradisionalis. Daar kan gevolglik prinsipieël ook geen beswaar wees teen die bywoon van bv. eredienste in kleredrag wat jou in die geleentheid stel om, sonder ongemak, op te gaan in die wese van waarom dit by só 'n geleentheid gaan nie.*

*Al die argumente reeds aangevoer, word hedendaags baie sterk ondersteun deur die finansiële implikasies wat uit ons duur Westerse kleredrag spruit. Wat bestee 'n eerstejaar-ouer om sy seun met die minimum van dit wat bv. by voorskrif op die Puk vereis word, toe te rus? Wat meer is: die mode waarin ons só verstrik is skryf pasmaats voor: das by hemp, hemp by baadjie en broek, broek by sokkies. Waar eindig ons? Kan ons land op hierdie tydstip hierdie buitensporighede bekostig? Is hierdie nie 'n uitnemende terrein waarop bespaar kan word nie?*

*Waarom kan ons nie ook wat kleredrag betref deel van Afrika word, en daarmee van ons ongemak verlos word nie? Is dit permissief om ons deelwees van Afrika onder die oë te sien?*

*Om by ons die huis te begin: waarom kan die universiteitsowerheid nie op hierdie gebied die PUK en Potchefstroom pioniers in hierdie gebied maak nie? Waarom kan dit nie vergun word dat benewens die dra van langbroeksafaripakke manstudente maar die das kan afhaal, en ook 'n kortmouhemp dra (van die oopknooptipe om T-hemde te weer), as dit by klasloop kom nie? Om te wil beweer dat 'n student wat só geklee gaan noodwendig onnet of onaanvaarbaar sal voorkom moet op vooroordeel en oordrewe subjektiwiteit berus.*

*Bowendien moet met respek daarop gewys word dat teen mansstudente gediskrimineer word wat die huidig-neergelegde reëling betref: het dames nie meer geleentheid om eie smaak te bevredig, en om koeler geklee te gaan nie?*

*Ek wil graag beklemtoon dat ek nie pleit vir onoorspronklike, verbeeldinglose kleredrag nie. Sonder verlies hiervan, kan egter net gewen word deur das en baadjie minstens in die somer weg te gooi. Waarvoor ek pleit is soberheid en nugterheid. Ek wil ook beklemtoon dat my pleidooi wyer strek as met die PUK: ek sou graag wou sien dat dit op elke terrein inslag vind.*

*Kom ons word ook in ons kleredrag met daadkrag deel van Afrika!*

*Die uwe*
*Francois van Wyk*

*Karoo W/s 7*
*Borcherdstraat*
*Potchefstroom.*
*2520*

*21 Februarie 1977*

***Geagte meneer H. op H. U brief stem ooreen met bogenoemde brief van meneer F. van Wyk, daarom het ons goedgedink om net die een brief te plaas.***

***REDAKTEUR***

***In antworod op meneer van Wyk se brief.***

***Geagte meneer van Wyk,***

***U standpunt dra gewig en ons raai u aan om u saak verder te voer. Ons is seker u word gesteun deur talle ander Afrikane.***

***REDAKTEUR***

# KARNAVAL '77

Tema: Afrikaanse idiome

**VRYDAG 4 MAART**

**PUK-Mielielandfietstoer**

1. Vier Fietsryers verteenwoordig elke manskoshuis
2. Die vier lede van die wenspan ontvang elk 'n medalje
3. *Roete:* 11h00 vanaf Delarayville na Sannieshof: aankoms 12h20; vertrek 14h00 na Biesiesvlei: aankoms 15h00. Lichtenburg aankoms 16h00 (ryers word getrakteer op 'n braaivleis dié aand)

**SATERDAG 5 MAART**

1. Vertrek 09h00 vanaf Lichtenburg na Coligny (aankoms: 10h00, vertrek: 11h00 na Ventersdorp : aankoms 13h00, vertrek 14h00 na Potchefstroom: aankoms 16h00. Hier word hulle ingewag deur die PUK-massa wat aan die massafietsry deelgeneem het.
2. *Massafietsry : 14h30*
   (a) Roete: Vanaf Fanie du Toit Sportterein in hoofstraat af tot Bothastraat, regs tot Krugerstraat, terug na kampus.
   (b) Koshuise moet poog om die hoogste gemiddelde aantal deelnemers te lewer.

**MAANDAG 7 MAART**

(a) Studentevaria vanaf die Puk-kampus
(b) Mans en Dames ser. Aand

**DINSDAG 8 MAART**

Mans en Dames ser. aand

**WOENSDAG 9 MAART**

Vertoning deur Pukkies en L.O. Departement. Puk Atletiekkampioenskappe.

**DONDERDAG 10 MAART**

**Openingsaand: 18h00**

1. Optrede van die pypregiment. Inspeksie deur die minister van Tarentaal en Jan Spies en burgemeester van Potch.
2. Minister van Tarentaal spreek Pukke toe
3. Begrafnis van die akademie
4. Oorhandiging van die dorp aan die studente deur die Burgemeester
5. Opsteek van fakkel
6. Openingsrede : Jan Spies
7. Drama opvoering: "Afrikaners is plesierig" van André P. Brink.
   (a) Twee vertonings: 19h00 – 21h00 (1ste vertoning) 21h00 – 23h00 (2e vertoning)
   (b) Kaartjies vir studente beskikbaar by onderskeie Huiskomiteelede teen R1.00 stuk

**VRYDAG 11 MAART**

**1. Mooirivierspele**

07h00: Beoordeling van die stalletjies op Fanie du Toit Sportterein
(a) Sewemanrugby
(b) Damessokker
(c) Toutrek

**2. Mooirivier Supersport Manskompetisie**

Items (a) 100m swem
(b) 100m naelloop
(c) driesprong uit stand
(d) skotse paalgooi
(e) 3 min wissellope of 150m

Die volgende groot manne sal gesien word
(a) Hugh Biocchi (gholf)
(b) Aalwyn Gerber (gimnastiek); Willem v.d. Riet (kano)
(c) Dawie Malan (atletiek); Gerald Bosch (rugby)

Hier is 'n geleentheid vir die Pukke om te poog om 'n sportman te lewer wat die groot name kan oorwin.

**3. Mooiriviersport**

(2 deelnemers per koshuis)
(a) Touklim oor Mooirivier plus minus 50 meter
(b) Binnebandvaar (voorsien een binneband)
 (i) Dames
 (ii) Mans
 Kan meer as 2 deelnemers wees)
(c) Kussinggeveg oor Mooirivier oppyp
 (i) Dames
 (ii) Mans
(d) Vier wissellope oor Mooirivier (gelyk vir tyd)
(e) Individueel: Hollandse paalspring oor die Mooirivier.

**Middag**

15h00 : Kaap na Rio (Potchdam)
19h00 : Schooter wedren vir dames
Vlotbou by onderskeie koshuise

**SATERDAG 12 MAART**

**07h00**

1. Vlotte op kampus
   (a) Beoordeling deur burgemeesters v. dorpe v.d. fietstoer
   (b) Vertoning van die studente (Seniors en eerstejaars) by elke vlot (die hoeveelheid, vermanning ens.) word beoordeel vir 'n punt uit 50.

**08h00**

2. Optog deur Potchefstroomdorp. Alle studente moet deelneem aan die optog (musiekmaak, sing kollekteer ens). Elke koshuis ontvang 'n aantal blikkies vir kollekteesdoeleindes. Pukkies lei die optog.

**09h30**

3. Optog na Klerksdorp. Studente gaan per bus. Pukkies en popkoppe gaan na Vanderbijlpark.

**11h00**

4. Vlotte van Vaaldriehoekse Universiteit gelei deur die Pukkies en bygestaan deur popkoppe beweeg deur die dorp.

**Middag:**
**14h00**

5. (a) Trapkarwedren (deelnemers van ander universiteite neem deel – hoë standaard word verwag)
   (b) Stalletjies
   (c) Koshuisorkeskompetisie – mans

**Aand:**

**Massabraai op Fanie du Toitsportterrein** asook prysoorhandigings. Kaartjies: 50c vir koshuisstudente. R2.00 vir dorpstudente. Beskikbaar by SSR-kantoor asook Huiskomiteelede. Die hele Puk-massa moet hierdie funksie bywoon. Ook alle oud Pukke is welkom!

**Punteverdeling vir die verskillende kompetisies**

1. Massafietsry (hoogste gem. aantal deelnemers per koshuis) – 100 punte
2. Sêr-kompetisie – 100 punte
3. Stalletjies – 100 punte
4. Sewemanrugby – 100 punte
   Damessokker – 100 punte
5. Mooiriviersport – 100 punte (5 x 20)
6. Kaap-na-Rio – 100 punte
7. Scooterwedren vir dames – 100 punte.
8. (a) Vlotte – 100 punte
   (b) Algemene indruk geskep deur studente van elke koshuis voor die vlot 50 punte
   (c) Hoeveelheid geld ingesamel met blikkies – 50 punte

**Klawerhof en Wanda: Kop aan kop in Fordsinsameling**

Hier volg 'n uiteensetting van die stand van die onderskeie koshuise in die Fondsinsameling vir Karnaval '77. Nog oor 2000 lyste is uitstaande en daarom staan elke koshuis nog 'n kans.

| Koshuis | Aantal lyste ingehandig | Groot Totaal | ggem. per student per koshuis |
|---|---|---|---|
| 1. Uitspan | 6 | R 335.00 | R55.83 |
| 2. Klawerhof | 51 | R2141.20 | R47.86 |
| 3. Wanda | 59 | R2800.42 | R47.46 |
| 4. Klooster | 38 | R1553.75 | R40.86 |
| 5. Wag-'n-bietjie | 66 | R2341.14 | R35.47 |
| 6. Oosterhof | 36 | R1258.12 | R34.94 |
| 7. Kasteel | 46 | R1597.63 | R34.73 |
| 8. Kulu | 12 | R 387.75 | R32.31 |
| 9. Liberalia | 13 | R 413.20 | R31.78 |
| 10. Thaba Jah | 26 | R 798.99 | R30.73 |
| 11. Dorp | 18 | R 542.93 | R30.16 |
| 12. Soetdorings | 11 | R 313.30 | R28.48 |
| 13. Vergeet-my-nie | 47 | R1324.25 | R28.38 |
| 14. Caput | 54 | R1336.70 | R25.30 |
| 15. Heide | 52 | R1276.54 | R24.54 |
| 16. Hombré | 64 | R1452.49 | R22.70 |
| 17. Karlien | 68 | R1504.00 | R22.11 |
| 18. Over de Voor | 20 | R 405.50 | R20.27 |
| 19. Makouvlei | 6 | R 121.00 | R20.17 |
| 20. Heimat | 6 | R 86.00 | R14.88 |

**Gem. v. alle studente wat lyste ingehandig het = R31.88**
**Groot totaal = R22319,19**
**Aantal lyste ingehandig = 699**

**Die gemiddeld per koshuis word bereken deur die groot totaal van die koshuis te deel deur die aantal seniors in die koshuis en die aantal eerstejaars wat lyste ontvang het. Alle uitstaande lyste moet spoedig ingehandig word by die onderskeie Huiskomiteelede. Komaan Pukke – k'ons gaan voluit!**

**WESVALIA BOEKHANDEL**


ONS HET NET
WAARNA U SOEK
**KOM OORTUIG USELF**

**Posbus 20060**
**Tomstraat 84 POTCHEFSTROOM Tel. 6660**
**-WP**

# ORIËNTERING




*Wanda se popgroep*



*Dis wat die dore van orientering gedink het.*
FOTO: FOTOKUNS



*Sjoe! Maar sy lyk fiets met hierdie maskara.* FOTO: FOTOKUNS



*Die van Rensburg broers tydens die seniorprogramaand.*
FOTO: FOTOKUNS

*Karlien vee hul dore uit.* FOTO: FOTOKUNS





*Skies tog meneer, my hare lê mos reg.*
FOTO: FOTOKUNS



*Juffrou, rêrig, kyk waar sta-*
FOTO: F

# POTPOURIE



*Ai! Hoe lekker tog.*
FOTO: FOTOKUNS



*Puk-koor tydens seniorprogramaand.* FOTO: FOTOKUNS



*Het baie gween, maar juffrou weet ek is nog nie gespeen nie.*
FOTO: FOTOKUNS



*Oe! Meneer maar die reuk is lekker.*
*Dorp se perdekar*





*maag al en nou nog water.*
KUNS



*Dawie Weyers, roep die kat luidkeels tydens sing songs.*
FOTO: FOTOKUNS

die WAPAD

# BETROKKENHEID EN ONBETROKKENHEID

Dit is definitiewe sake, positief gesien, wat die kampus kan evalueer en dan ook natuurlik die teenoorgestelde.

In die era waarin ons nou beweeg, het ons met albei hierdie sake te doen. Onbetrokkenheid enersyds en betrokkenheid andersyds. As 'n neutrale persoon sy blik krities oor die kampus verksuif, sal waargeneem word dat groot dele van die massa baie onbetrokke is, wat kampus-aangeleenthede betref. Daardeur het ons te doene met 'n opponerende koerant. Wat terdeë besef word, is dat die huidige kampuskoerant in die verlede tekort geskied het om die student te kon betrek. Op hierdie stadium veral na die eerste uitgaaf is daar gesien en besef dat hierdie koerant in die betrokke behoeftes kan en sal voorsien. Ons is van mening dat ons sterk betrokke is by alle aktuele sake en daarom nooi ons die kampus uit om meer van die kommunikasiekanale, wat tot beskikking gestel word gebruik te maak. Ons onderwerp ons, om indien 'n berig verantwoordbaar is te plaas en daardeur aktuele sake te beveg en te publiseer. Dit is ons strewe om in die behoeftes van elke individu sowel as die groep te voldoen. Daar sal nie gehuiwer word om te kritiseer waar nodig is nie of lof toe te swaai.

Daar nooi ons die massa om hulle betrokke te voel by die koerant en nie deur onbetrokkenheid op onbehoorlike en lafhartige maniere sake te stel nie. Die Afrikaanse spreekwoord stel dit baie duidelik dat net gekke en dwase hulle name op deure, mure en glase skryf. As ons nou meer tot die ware werklikheid beweeg, sal ons sien dat aan die Afrikaanse spreekwoord se vereistes voldoen word, in dié sin dat op lafhartige maniere, beleide op mure gestel word. Om hierdie lafhartige dade die nek in te slaan, nooi ons die betrokke persone om openlik met hulle sake na die plaaslike kommunikasiekanaal te kom en hulself betrokke te laat voel daarby en hulle saak aan die kampus te stel. Dit sal meewerk dat ons nie 'n ontsiering van universiteitseiendom het nie. Na die ontheffing van die eerstejaars hoop ons om 'n positiewe groep te kan betrek. Dit is baie essensieel dat elke individuele krag by die massa gevoeg moet word. Samehorigheid word voorafgegaan deur betrokkenheid.

Daarom, as ons die blik verder verskuif, kry ons te doene met 'n 60 tal positiewe studente wat hulle op die Vaaldriehoek Tak bevind. Hier het ons te doen met 'n baie positiewe groep. Indien ons dit as positiewe gedagte sien, is dit vir ons 'n voorbeeld.

Dus doen ons 'n beroep op studente om hulle betrokke te voel by alle aktuele sake wat studentwees raak. Dit kan slegs ons samehorigheidsgevoel stimuleer. Hoe lyk dit dan Pukke?


## BETREURENSWAARDIG

Pukke, dit is 'n betreurenswaardige saak dat ons aan die begin van 'n nuwe jaar klaar ernstige probleme ondervind.

Die wapad het verneem dat op die afgelope SSR-HK-kamp konsensus bereik is oor die verbod op eiergooiery tydens oriëntering.

Ons wil nie vinger wys na pligsversuiming van HK-lede of senior studente nie, maar hoop dat die insident toekomstige herhaling sal verhoed.

Ons is van mening dat sulke lafhartige dade nie by Pukke tuishoort nie.




# WAAROM IS EK OUTOMATIES LID VAN DIE A.S.B.

**IN 'n vorige Wapadartikel word die mening uitgespreek dat daar 'n uiters onbevredigende situasie bestaan as gevolg van outomatiese lidmaatskap aan die A.S.B. Laat ons dus onsself eers afvra waarom is ek outomaties lid van die A.S.B. en dien dit enige doel. Op die huidige stadium is die studenteraad geaffilieer by die A.S.B. en daardeur ook die hele studentegemeenskap. Hierdie stelsel word omskryf as sentrumaffiliasie.**

In die grondwet van die A.S.B. word lidmaatskap van die A.S.B. soos volg omskryf: Artikel 9.1.1. Lidmaatskap staan oop vir Studenterade van hoër opvoedkundige inrigtings wat hulle met die grondwet van die bond vereenselwig en ook vir een bestuur van 'n studente-organisasie wat hom met die grondwet van die Bond vereenselwig aan elke inrigting waar die Studenteraad nie lid is nie.

Artikel 9.1.4. Die jaarlikse betaling van affiliasiegeld is 'n vereiste vir lidmaatskap.

Artikel 9.1.5. Om lid te word, moet die Studenteraad of bestuur van 'n studente-organisasie verteenwoordigend wees van ten minste 25 studente.

Omdat die S.S.R. by die A.S.B. geaffilieer is, is elke student aan die P.U. vir C.H.O. lid van die A.S.B. Die S.S.R. word verkies op grond van beleidsverklarings wat S.S.R.-kandidate voor hulle verkiesing gestel het waarin hulle hul uitspreek ten gunste van die A.S.B. of daarteen. Deur 'n A.S.B. gesinde S.S.R. te kies het die studentegemeenskap t.g.v. die A.S.B. gekies. Dieselfde beginsel is van toepassing op die Republiek van Afrika. Indien die regering aansluit of bedank by internasionale organisasies soos die V.V.O. is die hele R.S.A. daarby betrokke.

Indien die A.S.B. nie die „status quo" handhaaf nie, sal dit sy trefkrag verloor en ek wil my verstout om te sê dat in die geval 'n nuwe studente organisasie gestig sal word. Studente van die geaffilieerde sentra is elkeen lid van die A.S.B. Om hierdie rede poog die A.S.B. om elke student te bereik d.m.v. die volgende: Die A.S.B. reël jaarlikse nasionale projekte waaraan studente van elke geaffilieerde sentrum kan deelneem. Gewoonlik reël een Studenteraad die projek namens die A.S.B., en nooi d.m.v. die A.S.B. ander sentra uit:

1. KUESTA. Dit is dié grootste nasionale projek van die A.S.B. wat ten doel het die uitbouing van die Afrikaanse kuns en kultuur.
2. In Julie vind die jaarlikse kongres plaas, waar beleid vir die jaar neergelê word.
3. Die A.S.B. onderneem jaarliks oorsese toere vir belangstellende lede.
4. Die A.S.B. organiseer akademiese simposiums vir spesifieke vakrigtings elke jaar.
6. Die Afrikaanse studente is 'n koerant wat die A.S.B. uitgee met nuus oor die werksaamhede van die A.S.B.
7. Vir studente bied die A.S.B. algemene studentevoordele op aanvraag bv. 'n studentekaart, indien studente oorsee wil reis en verminderde reistariewe oorsee, (met erkenning aan die Studentehandboek 1976).

Myns insiens ontstaan die onbevredigende situasie nie a.g.v. outomaties lidmaatskap nie, maar a.g.v. die onbetrokkenheid van die student. Die student kan egter nie betrokke wees by die A.S.B. nie as hy nie ingelig is aangaande die A.S.B. nie.

Daarom is die onus op die Studenteraad wat geaffilieer is by die A.S.B. om voortdurend die student op hoogte te hou met die werksaamhede van die A.S.B.

# MISDAAD-NAVORSING

**In 1957 het 'n navorsingseenheid bestaande uit twee vakkundiges van die destydse Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing tot stand gekom om misdaadnavorsing op 'n deurlopende basis deur te voer. Hierdie werk het baie belangstelling gaande gemaak.**

Met die ontstaan van die R.G.N. is kriminologiese navorsing verder uitgebrei. Gedurende 1974 het 'n navorser besoek gebring aan universiteite en ander instansies in Engeland, België en Nederland om hom op hoogte te stel van hedendaagse strominge.

Dit het aan die lig gekom dat navorsers tans minder aandag aan die oortreder gee en meer aan die gemeenskap wat die oortreder oplewer.

In Suid-Afrika is daar tans navorsingsprojekte aan die gang. Langtermynnavorsing is reeds onder swartes in aanvang waar gegewens van die slagoffers verkry word. 'n Studie insake Swartmense se siening van misdaad is ook onderneem.

'n Resultaat van hierdie studie is dat die misdaadsyfer veel hoër as wat daar vermoed word is omdat sommige misdaadgevalle volgens die Swartes nie as ernstig beskou word nie.

Na aanleiding van hierdie studies word verdere navorsing beplan; onder andere jeugbendes wat 'n groot aandeel het in die aggressiewe misdaad in swart stede.

In Pretoria word studies beplan om die geldigheid van die jongste misdaadteorie te toets. Die sukses van verbeteringskole word ook tans onder die soeklig gestel met die behandeling van manlike en vroulike jeugoortreders. 'n Voorspellingstegniek word ook gebruik om te bepaal of 'n oortreder 'n goeie of swak kans vir rehabilitasie het.

Misdaad is 'n ernstige probleem van ons tyd en moeilik om te begryp. Daarom beplan die R.G.N. volgehoue navorsing in hierdie verband.

# Uit die Woord

*En toe die Skrifgeleerdes en die Fariseers Hom saam met die tollenaars en sondaars sien eet, sê hulle vir sy dissipels: Wat is dit dat Hy saam met die tollenaars en sondaars eet en drink?" En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: „Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering. – (Mark. 2:16, 17.)*

*Stel jouself voor: Christus by ons om die teekan aan my etenstafel of om 'n rustige drankie.*

*Miskien dink jy: „In my beskeidenheid kan ek sê dat hy uiters welkom sou wees in my geselskap. Ek lewe tog so 'n voorbeeldige lewe, hoe dan nie?"*

*Miskien dink jy: „Mag dit net nie waar wees nie. Wat sal Hy dink dat Hy my van so naby sien."*

*Die tweede is nader aan die waarheid. Jy wat dink dat jy oulik is – gaan toets jou aan die wet van God. Hoere, diewe en moordenaars mag beter as jy wees.*

*Jy wat bang is om Christus naby aan jou te hê, hoor die blye boodskap. Eenmaal het Hy, die smetlose, aan die tafel gesit saam met sulke sondaars soos jy. Toe het hy vertel dat Hy die geneesheer is – dat Hy ons, die sondaars tot bekering sou roep. Bid God dat Hy jou geneesheer mag wees. Dan nooi Hy jou uit om saam met Hom aan die tafel te kom sit. Die nagmaalstafel van volle feesvreugde staan hierdie naweek vir die meeste van ons hier op die P.U. gereed.*

*Geniet die versterking wat Christus ons laat toekom.*

# DOKTOR DOEN NAVORSING IN BUITELAND

**Dr. Rudi van Eldik, senior lektor in die departement fisiese Chemie aan die Potchefstroomse Universiteit het beurse vir verdere navorsing aan die Universiteit van Frankfurt, Duitsland ontvang. Die beurse is deur die Alexander von Humboldt-stigting en die WNNR toegeken.**

Die Alexander von Humboldt-stigting stel jaarliks beurse aan buitelandse wetenskaplikes beskikbaar om na-doktorale navorsing te doen. Hierdie beurse is beskikbaar vir alle vakgebiede en nasionaliteite.

Dr. van Eldik sal navorsing onder prof. Hartwig Kelm van die Instituut für Physikalische Chemie aan die Universiteit van Frankfurt, Duitsland doen.

Hy was in 1972 in Buffalo, VSA, waar hy onder prof. Gordon Harris navorsing gedoen het. Baie van die projekte wat hy daar begin het, het hy met sy terugkoms hier in Suid-Afrika voortgesit.

Die navorsing wat dr. Van Eldik nou in Frankfurt gaan doen spruit voort uit die navorsing waarmee hy nou besig is. Die navorsing gaan oor die invloed van baie hoë drukke op die verloop van chemiese reaksies. Die bedoeling is om meer besonderhede oor die reaksiemeganisme te bekom.

Van die reaksies is reeds hier ondersoek, maar 'n gebrek aan gesofistikeerde toerusting maak dit onmoontlik om hier verdere navorsing te doen. Baie min lande in die wêreld beskik oor sulke gesofistikeerde toerusting.

In Julie 1977 sal dr. Van Eldik ook 'n voordrag by die 18de International Conference on Coordination Chemistry in Sao Paulo, Brazilië, lewer. Hy sal ook probeer om ander institute te besoek.

Dr. Van Eldik het in 1963 as eerstejaarstudent aan die PU ingeskryf. In 1965 behaal hy die graad B.Sc, in 1966 die Honneursgraad in Chemie en in 1967 die graad M.Sc in Fisiese Chemie. Al drie kwalifikasies het hy met onderskeiding behaal. In 1968 kry hy 'n aanstelling as lektor by die Universiteit en in 1971 word die Doktorsgraad aan hom toegeken en hy word bevorder tot senior Lektor.

Dr. van Eldik vertrek in Desember en neem sy vrou, Rentia en hul twee kinders saam. Hulle keer in Januarie 1978 weer terug.

# I.B.C. KRY TOELAAG VIR NAVORSING

**Die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (I.B.C.), wat aan die P.U. vir C.H.O. gesetel is, het 'n toelaag van R18 000 van die R.G.N. ontvang.**

Hierdie geld sal gebruik word vir 'n navorsingsprojek van nege jaar oor die invloed van Calvinisme in Suid-Afrika. Die toelaag tot op hede is vir die eerste ses jaar.

Nadat 'n Israeli die land besoek het en die vraag gestel het, „Waarom is die Afrikaner wat hy is", het slimkoppe met grysslape die projek van stapel gestuur. Want vanaf die ou Voortrekkers tot waar as vandag terrorisme op ons grense beveg, was daar iets wat van die Afrikaner 'n onderste mens gemaak het.

In 'n gesprek met Prof. Ben van der Walt, Direkteur van die I.B.C., het Wapad ingewillig om terselfdertyd te help om die I.B.C. meer onder die student se aandag te bring. Daarom gee ons 'n lys van boeke en studiestukke wat by die I.B.C. verkrygbaar is. Dit handel oor aktuele sake waarvan ons moet kennis dra.

Hier volg 'n paar boeke en pryse:

1. Christian Higher Education – R10,00
2. Die atoomeeu In U Lig – R2,00
3. Die wêreld van '70 – R3,00
4. Reformasie en Revolusie – R5,00
5. Gesprek met die toekoms – R2,00
6. Die energiekrisis in S.A. – R1,50
7. Calvyn oor STaal en Reg – R1,50
8. The Kingdom of God in the preaching and work of God – R1,00
9. Menseregte – R1,50
10. Vraagstukke rondom die lewe juridies gesien – R1,00
11. Kontak en Kommunikasie – R3,00

Daar is ook 114 studiestukkies beskikbaar. Dit is haas onmoontlik om 114 onderwerpe bekend te stel, daarom kan u die boeke of studiestukkies in kamer 221 in die Biblioteekgebou gaan afhaal.(Gebruik die deur wat lei na die kelderverdieping.)

# *PUK BAADJIES AAN EERSTEJAARS*

**Op die SSR is 'n kommissie benoem wat op hierdie saak moet ingaan. Aangesien dit nie net die SSR raak nie, maar al die studente, vra ons ook jou mening.**

## DIE PROBLEEM

Elke jaar word daar eerstejaars verkies op Sporttoernooie en ander terreine van die studentelewe om die Puk te gaan verteenwoordig op inter-universitêre vlak. Dit is 'n gulde geleentheid waar hulle die naam van ons Universiteit kan uitdra. Om dit goed te doen moet hulle die regte toerusting daarvoor besit.

Die dra van 'n Puk-baadjie is onontbeerlik. Omdat 'n eerstejaar dit nie mag aankoop nie, skep dit probleme.

## GEBRUIKTE STELSELS

In die verlede het die eerstejaars baadjies van senior studente geleen. Dit het nie bevredigend gewerk nie. Baie studente wil nie hulle baadjies uitleen nie. Doen hy dit wel, gebeur dit dat die baadjie tydens die toernooi verniel omdat dit nie die eerstejaar se eie baadjie is nie.

Nog 'n stelsel wat aangepak was het die eerstejaar toegelaat om 'n baadjie te gaan koop. Vir die lengte van die toernooi, ens. mag hy dit dra. Daarna neem die SSR dit weer terug ter bewaring. Ongelukkig werk dit ontevredenheid in die hand. Op 'n ander kampus mag die eerstejaar die baadjie dra maar op sy eie kampus mag hy dit nie doen nie. Verder bring die berging van sodanige baadjies of wapen probleme mee.

## MOONTLIKE OPLOSSING

Puk, wat is jou mening hieromtrent. Gee aan die eerstejaar wat op die onderskeie terreine besonderlik presteer die geleentheid om sy eie Puk-baadjie aan te koop. Dit kan hy vooraf die tweede semester dra. Hy mag wel die baadjie koop, maar nog nie die wapen van die huidige Puk-baadjie nie. Dit mag hy eers vanaf sy tweede jaar doen as hy aan die nodige vereistes voldoen het.

Om die probleem op te los, ontwerp 'n nuwe eenvoudige wapen waarop dit pertinent aangebring word dat dié wapen erkenning is aan Pukeerstejaars wat besonderlik gepresteer het. Die wapen sal hy dan in elk geval nie meer dra in sy tweede jaar nie.

Of dink jy dit het tyd geword dat alle eerstejaars buitendien vanaf 'n sekere tyd in die jaar die reg moet verkry om so 'n baadjie aan te koop? Sal dit nie dalk die dra van Puk-baadjies stimuleer nie?

Lug jou mening in die volgende Wapad of skryf 'n brief en gooi dit in die bussie van Garrie Schutte of Peet Badenhorst in die SSR-kantoor. As jy hierdie moontlikheid ondersteun, stuur sommer idees vir die ontwerp van die wapen saam. Ons hoor graag van julle!

# AANDAG ALLE PUKKE!

DIE BESEMBOS is nou verkrygbaar by die SSR-Kantoor teen R3,20 'n eksemplaar. Diegene wat briefies ingevul het om bestellings te plaas, u moet asseblief u Besembosse voor Vrydag 4 Maart kom afhaal. Daarna sal die bestellings wat nie gehaal is nie, na huisadresse gepos word.

*Geagte Redakteur, Heraut,*

*Dit is met leedwese dat ons verneem dat HERAUT intekeningsfooi aanvrae vir hul koerant. Op die ASPU kongres is besluit dat alle inter-universitêre skakeling op 'n gratis basis geskied. Alle ander uni versiteite hou hulle by die besluit en dra self alle inter-universitêre onkoste. Daarom voel ons as lede van ASPU om geen kostes aan te gaan betreffende die Heraut. Indien u u nie by die besluit hou nie verwag ons geen eksemplare van u af nie.*

*Die Redakteur, Wapad*

# DEUR MY LENS

**Eerstejaarsatletiek: – Is dit 'n geldmaakbyeenkoms of 'n geesbougeleentheid? Die feit dat Pukke toegangsgeld moes betaal om die eerstejaarsatletiek te sien, is 'n skande. Mag ons weet waarvoor die geld gebruik gaan word/is en mag ons vra dat dit nie weer gebeur nie?**

As dit so aangaan dat ons moet betaal om ons eie sportbyeenkomste te sien, gaan die bywoningsyfer van sulke byeenkomste drasties verminder.

'n Tweede saak wat ons studente stomslaan is die klaarblyklike ongeërdheid van die owerheid ten opsigte van brand.

Die biblioteek se rook het skaars gaan lê toe breek daar laasweek 'n brand in die hoofgebou uit. Die skade was nou wel relatief klein in vergelyking met die ou biblioteek, maar tog . . .

Sprake (en bewyse) van 'n tweede Pops lê die kampus vol. Of dit rêrig mense is wat ernstig is of net grapmakers, kan ons net bespiegel.

Die owerheid moet mooi besin oor hierdie verskynsels van ontevredenheid wat oor die afgelope 3 jaar so sporadies keelskoonmaak.

Is daar regtig verandering van owerheidskant af nodig? Wat gee aanleiding tot die ontevredenheid? Die owerheid moet oppas om onverhoeds gevang te word.

'n Situasie kan ontwikkel wat handuit kan ruk. Ek wil 'n waarskuwing maak: die Puk is ryp daarvoor!

Net 'n versoekie aan alle Pukke: gebruik die Wapad om jul menings en griewe te lug. As julle dit met verantwoordelikheid doen, sal ons dit publiseer.

# REKENAARS LEWER TOESPRAKE

**Die elektroniese rekenaar word tans vir heelwat meer doeleindes gebruik as om slegs ingewikkelde berekenings vinnig af te handel.**

Deesdae word heelwat setwerk in die drukkery deur middel van 'n elektroniese rekenaar gedoen. Indien Hangard byvoorbeeld op die wyse geset word, sal dit moontlik wees om parlementêre toesprake op magnetiese band te bewaar.

Dit sou dan moontlik wees om 'n onderwerp te kies en vas te stel op watter wyse daarna in die parlement verwys is. Uittreksels kan op videoskerm vertoon word en 'n kopie kan spoedig beskikbaar wees.

Indien byvoorbeeld vasgestel moet word wat van die salarisse van onderwysers gesê is, kry die rekenaar 'n instruksie om 'n lys te maak van alle sinsnedes waarin „salarisse" en „onderywsers" voorkom.

Sodoende word nuttige inligting in 'n ommesientjie verkry. Miskien sal die dag nog aanbreek wanneer die rekenaar vir ons sal klasdraf.

BARCLAYS-NASIONAAL

**BARCLAYS KONDIG AAN 'N SPESIALE PLAN VIR STUDENTE**

- STUDIE LENINGS teen minder as halfprys. Ons leen jou geld om jou studies te voltooi en jy begin eers terug betaal ná jy graad gevang het.
- 'N TJEKBOEK maak dinge makliker. Ons sal jou een gee teen verminderde bankkoste.
- 'N SPAARREKENING om jou sakgeld veilig te bewaar en waaruit jy daagliks mag onttrek en deponeer.
- VERSEKERING
- PROFESSIONELE ADVIES
- Kom sien ons by ons studente agentskap op die Bult en ons sal u graag te woord staan.

# WANDADORE WIPPLANK DEUR ONTGROENING

Elretha Dreyer

**„Die lewe op die Puk verstaan? Aikôna!" het menige Door seker gedurende Oriëntering gedink. Saterdagaand 12 Februarie, ná die Eerstejaarsatletiekbyeenkoms was Wanda se Dore die sterre tjies van die Puk, maar groot was hul ontnugtering toe die wipplank van hulle onsekere bestaan skielik neerstort.**

Saterdagaand was die gees in die eetsaal groot. Vir die eerste keer in vier jaar het Wanda se Dore weer die beker koshuis toe gebring. Die HK's het hulle deel bygedra deur die Dorelied te wen en het daarna van die Dore verwag om te wys wat in hulle steek. En hulle het! Die oorwinnaars kon die aand op die Bult gaan deurbring, getooi in hulle nuwe rokkies soos dit 'n eerstejaarsdame betaam, want die HK se uitdruklike bevel was dat hulle nie weer 'n Dorerok voor Maandag wil sien nie . . . Selfs die seniors het begrypend geglimlag (of was dit beterweterig?)

Toe breek Maandag aan. Die Dore word blootgestel aan Ken-mekaar, geklee in veelkleurige handdoekdoeke met 'n fopspeen in die hand. „Ag, Juffrou, ons lyk vreeslik," kla een. (Watter ou menere sal ons ooit vir die Ontheffingsdinee skiet as ons só daar uitsien?) Hulle maak kennis met die Burgemeester van Tarentalia. Geen wonder dat hulle daarna nie eers lus voel om vir die Oudames se grap te lag as hulle ewe oorspronklik speel dat die sitkamer 'n strand en verdunde stroop sonbrandolie is nie. Nog minder verstaan hulle waarom die seniors die geliefde HK wat hulle self gekies het, nou verwerp nie.

Teen Donderdagaand is dit moeë, verwarde Dore wat 'n paar trane wegpik, voor hulle in die sitkamer aan die slaap raak – die vergane glorie van 'n paar dae vantevore te onwerklik ver om te kan troos.

# SKEMERVONKEL

**'n Splinternuwe nuutjie vanaf die departement Spraakleer en Drama is „Skemervonkel." Die program is 'n voortsetting van die Sjorde idee met 'n paar wysigings. Eerstens word dit nie tussen 1 en 2 aangebied nie maar vanaf 6.30 tot 7.30 nm. m.a.w. tydens sleeptyd. Watter beter manier is daar om afleiding tydens sleeptyd te kry?**

Die program word aangebied deur Aldo Behrens en Paul Schutte, twee ou bekendes van o.m. „Die stem van die see". Die program sal 'n revue styl aanneem met sang en humoristiese sketse. Albei die kunstenaars is dosente aan die departement en het ook albei 'n reputasie as goeie sangers.

Tydens die vertonings word kaas, beskuitjies en neute asook 'n glasie drinkgoed bedien. Teen R1.00 per kaartjie is hier uitmuntende waarde vir geld!

Die Skemervonkel-reeks bestaan uit vier aanbiedings waarvan die eerste, getitel „Somervonkel", alreeds Maandag 21 Februarie begin. Kaartjies is by die kantoor van die Departement Spraakleer en Drama verkrygbaar. Die tweede program getiteld „Herfsvonkel" word dan gedurende die herfs-seisoen aangebied asook „Wintervonkel" en „Lentevonkel" wat later in die jaar sal plaasvind.

# Dramadepartement bedrywing

**Die Departement Spraakleer en Drama begin die jaar op 'n baie bedrywige noot. Nie alleen is repetisies van twee vollengte stukke alreeds aan die gang nie, maar ook van twee korter programme nl. die gewilde Sjordè- en die splinternuwe Skemervonkel-reeks.**

Die langer stukke is „Die Paradysboot" en „Afrikaners is plesierig". Albei die stukke beloof om groot vermaak te bied.

„Die Paradysboot" met Roeloff van den Berg en Isobet Kok as hoofspelers is 'n komedie wat afspeel op 'n skip. Isobet, as dogter van 'n ryk sakeman word van selfmoord gered deur 'n seeman op 'n posboot wat in werklikheid net heen en terug oor die Engelse kanaal vaar. Sy dwing hom byna om haar aan boord te neem en dan begin die pret. Onse seeman kan net nie ophou om kluitjies te bak nie en onse heldin neem alles vir soetkoek op, of vermoed sy dalk daar is êrens 'n slang in die gras?

'n Heel aangename manier om die jaar se werksaamhede te begin. Liesbeth Schoeman neem die regie waar, en trou aan haar tradisie beloof die stuk om skreeusnaakse situasies en insidente op te lewer.

# SAKKE VOL GELD MET THALIA

**Thalia bied vanjaar „Sakke Vol Geld" aan, geskryf deur Evans en Vallentine. Die regie word waargeneem deur Mnr. Henk Wÿbenga, dosent aan die departement Spraakleer en Drama.**

Die Thalia-keuring het vanaf Maandag 21 Februarie tot Woensdag 23 Februarie plaasgevind.

Thalia toer gedurende die Julievakansie deur die Boland.

Thalia toerprogram:

29 Junie . . . Kroonstad
30 Junie . . . Burgersdorp
1 Julie . . . Steynsburg
2 Julie . . . Middelburg
4 Julie . . . Graaff-Reinet
5 Julie . . . George
6 Julie . . . Swellendam
7 Julie . . . Bonnievale
8 Julie . . . Montagu
9 Julie . . . Goudini
10 Julie . . . Goudini
11 Julie . . . Goudini
12 Julie . . . Worcester
13 Julie . . . Paarl
14 Julie . . . Wellington
15 Julie . . . Malmesbury
16 Julie . . . Touwsrivier
18 Julie . . . Beaufort-Wes

## ANDER AANBIEDINGS

## *Afrikaners is Plesierig*

Die stuk word tydens die Karnaval aangebied en is geskryf deur Andrè P. Brink. 'n Heerlike klug gebaseer op karakters en gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Dit word in 'n Markies-tent op die binneplein voor die Biblioteek aangebied. Hou die Wapad dop vir verdere besonderhede.

# DEPARTEMENT SPRAAKLEER EN DRAMA

AANBIEDINGE VIR 1977

| | |
|---|---|
| 21.2.1977 tot 24.2.1977 | : Somervonkel |
| 24.2.1977 tot 5.3.1977 | : Paradysboot |
| 7.3.1977 tot 11.3.1977 | : Sjôrde, Het jy al gehoor? |
| 10.3.1977 tot 11.3.1977 | : Afrikaners is plesierig |
| 21.3.1977 tot 25.3.1977 | : Sjôrde, Choreo-petite |
| 1.4.1977 tot 7.4.1977 | : Sjôrdè. Spektrum en Spektakel |
| 15.4.1977 tot 19.4.1977 | : Totiusprogram |
| 9.5.1977 tot 15.5.1977 | : Sjôrdè, Die sterkste |
| 25.5.1977 tot 28.5.1977 | : Debuut '77 |
| 30.5.1977 tot 3.6.1977 | : Sjôrdè, Die leier |
| 10. .1977 tot 16.6.1977 | : Herfsvonkel |
| 18.6.1977 tot 28.6.1977 | : Die Kersieboord |
| 29.7.1977 tot 6.8.1977 | : Die belofte |
| 8.8.1977 tot 12.8.1977 | : Sjôrdè, Die verjaarsdagpartytjie |
| 15.8.1977 tot 19.8.1977 | : Wintervonkel |
| 29.8.1977 tot 2.9.1977 | : Sjôrdè, Poppekas |
| 6.9.1977 tot 10.9.1977 | : Honneursprogram |
| 12.9.1977 tot 16.9.1977 | : Sjôrdè, Anton Paflowitsj vertel. |
| 18.9.1977 | : Bybelprogram |
| 19.9.1977 tot 23.9.1977 | : Lentevonkel |
| 29.9.1977 tot 1.10.1977 | : Raka |

# P.A.S.V.-LEDE-VERGADERING

**1977 het skaars begin en P.A.S.V. beplan 'n groot en interessante program vir die nuwejaar. Dit sluit in die Farmasiesportdag op 5 Maart, asook 'n Gesondheidsweek vanaf 28-31 Maart, waartydens Dr. Sash en Prof. Seftel van Johannesburg as sprekers optree en Helena Rubenstein wat 'n skoonheidskursus vir alle belangstellendes aanbied. Die verrigtinge neem in aanvang met 'n debat waarby die medici, aptekers en verpleegsters betrek word.**

Aprilmaand beoog P.A.S.V. 'n toer na Koffiebaai. Nou die hoogtepunt – daar is Juniemaand Suid-Afrikaanse Aptekerstudente Federasie kongres in Kaapstad. Sien julle daar.

Hou die aand van 3 Maart oop vir 'n belangrike ledevergadering van P.A.S.V. waartydens ledegeld betaal kan word. Mnr. Dürrheim sal van al die interessanthede tydens sy oorsese studie vertel. Verversings sal ook bedien word. Die vergadering word om 7.30 nm in die nuwe Chemie-gebou gehou. Kom in julle massas.

# *Norre hou Feesjaar*

**Die Pretoriase Onderwyskollege vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar.**

In Trompie, die studentekoerant van die Pretoriase Onderwyskollege, het die Rektor Mnr J.D.V. Terblanche gesê dat hulle in dankbaarheid terugkyk op die reguit weg wat gevierde manne en vroue oor 75 jaar gebaan het.

„Kyk ons na die omvang van ons taak, dan is ons dankbaar vir die skare begeesterde studente en dosente wat geroepe is om 1977 die vaandel verder te dra."

Hy het die Norre gevra om te bou aan hul Kollege, aan die onderwys en aan die land en volk.

# LENS MAAK NAAM

**Die digbundel van die Skrywerskring, Lens 75/76 het verlede jaar met die bekendstelling daarvan wye publisiteit geniet. Gelukwensе is ook vanuit verskeie oorde ontvang.**

In 'n brief van die Skrywerskring skryf prof. P.J. Nienaber, Direkteur van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum in Bloemfontein dat dit „verblydend is om te vind dat studente dié inisiatief het om so 'n publikasie die lig te laat sien. Verder sê hy ook dat die studenteskrywer van vandag heel moontlik môre die leierskrywer is.

Coenie Slabber van Rapport het o.a. 'n gediggie van Liesel Meyer aangehaal terwyl Die Volksblad van 13 Oktober 'n artikel van meer as twee honderd en vyftig woorde aan Lens gewy het.

Onder die opskrif „Studente-publikasie Dien Goeie Doel" sê Johann Johl dat die Kultuurraad van die Puk gelukgewens moet word omdat hulle deur finansiële bydrae dit moontlik gemaak het om Lens die lig te laat sien. Daar word te veel geld aan sport en te min aan kultuurorganisasies bestee, sê hy.

Volgens mnr. Johl word 'n publikasie soos Lens noodsaaklik aan elke kollege en universiteit gemaak omdat daar so 'n groot leemte vir skeppende werk bestaan.

Lens is 'n saamgestelde bloemlesing van die beste gedigte wat deur lede, meesal studente maar ook lektore, gedurende die akademiese jaar geskryf word. Net gedigte van lede word vir publikasie oorweeg.

Lens 75-76 is die vierde publikasie van die Skrywerskring en word aan studente teen R1.00 stuk verkoop. Daar is nog 'n aantal beskikbaar by die SR-kantoor.

Ongelukkig is daar geeneen van die vorige Lense beskikbaar nie, hoewel dit onder die Skrywerskring se aandag gekom het dat dit tot R4 per eksemplaar verkoop as Africana. Hoofsaaklik omdat die oplaag baie beperk is.

Alle skrywers, digters, studente sowel as dosente is welkom by die Skrywerskring. Die eerste vergadering sal op Woensdag 23 Februarie gehou word.

Gedigte en ander skryfwerk moet in die Skrywerskring se bussie by die Studenteraadskantoor besorg word.

# „DOOR!"

**Skerp, skril gille sny deur die lug: „Door" en die arme, verwese doortjie staan daar, ewe bedremmeld met bewende knieкoppe. „Door, hoekom groet dit nie? Is dit te smárt?" Albei se oë word groter die een s'n uit vrees en die ander een s'n uit woede! „Blik in die AS!"**

Noudat die seniors terug is, raak die dore heel deurmekaar, heel verward en heel op hulle senuwees. Dis „OP!" en „SIT!" en „SING!" en „BLY STIL!"

Vyf minute om van 'n door na 'n burgemeestersvrou te verwissel en dan weer twee minute om weer 'n nederige door te word. Dan word daar „Roll call" gehou en so 'n paar keer „Dorelied, dorelied, dorelied" terwyl hulle kamers omskep word in 'n orkaangeteisterde gebied.

Matrasse in die gangkas en kussings in die bad.

Kenmekaar was vir die meeste 'n blaaskansie. Party het dit vreeslik geniet om 'n studie van die Pukke se tone te maak! Party groot en vet, en ander krom en maer.

Maar . . . as hulle in die koshuis kom sny skerp, skril gille weer deur die lug" „DOOR!"

# MAKOUVLEI KOSHUISNUUS

Makouvlei het die eerste semester van 1977 weer op 'n baie aggressiewe noot begin. As enige ander koshuis probleme het met petroldiewe, skakel gerus Makouvlei se blitspatrollie by 22229. Die nuwe adders in ons midde se vere staan nog baie verwaaid, maar die seniors is vol vertroue dat hulle iets daarvan sal kan maak. Braam Perd en sy helpers probeer om die adders se matriek-bandeloosheid te omskep in Vlei-nederigheid. Ons adders het nog 'n groot probleem om in die donker te onderskei tussen groen en ryp druiwe.

Behalwe die adders is daar ook vars seniors wat uit alle oorde hierheen getrek het. Ons wil vir Riaan, Bennie, Kobus, André en Barrie gelukwens met hul keuse om hierheen te kom en hoop hulle sal lekker bly. Met Barrie Barnard se hulp, wat twee jaar vir Oos-Transvaal gespeel het, beloof Dawie Doep se rugbyspan om vanjaar 'n krater van ander koshuisspanne te maak. Die ander Vlei-gye wil vir Kees en Johan gelukwens met hul prestasies by die Dalrymple. Alle sukses ook aan Bertie wat nou tokkelok swot. Dit het 'n besondere wanindruk by die adders gemaak. Die koshuise anderkant die spoor kan gerus hul motors vol laai en persoonlik kom hoor hoe glad en sag 'n motor oor ons nuwe spoedwalle ry. Dis nie heeltemal duidelik wat die doel van die spoedwalle is nie – spoedbrekers of noodwalle vir 'n Mooiriviervloed.

Vir die PUK-asters wat wonder – die blonde bom me die wit SX Rover is Gobs en hy sleep nie. Ander ouens wat die vakansie kon werk kry het ook hul mobiliteite verbeter. Ons hoop saam met hulle dat die Vlei se petrolverbruik sal verminder. Die eerste week na die PUK begin het, was ons nuuskierig om te sien of al die antieke Vlei-ooms weer hul gewig hier sou ingooi. Die sukses van ons bosparties hang grootliks af van steunpilare soos oom Gerrie. Makouvlei se anti-inflasie bydrae vanjaar was om ons bosparties nader aan die koshuis te hou. Behalwe petrol-besparing is daar nou ook minder bome langs die pad en gevolglik minder gekneusde flora wat karverf aan het.

Voorspoed aan al die ander PUKKE vir 1977, en VergeetMy-Nie . . . Ons wag vir Karnaval . . .!



*S.S.R. se Volksie word ingewy tydens die massa bier en braai. – Foto Fotokuns*

## DEFINISIE VAN SWOT

Dit is die sieldodende posisie waarin hoogs ontwikkelde persone (studente) verkeer, as hulle psigies en fisiologies betrokke raak by voorafvervaardigde oninteressante inligting wat deur fanatieke dosente op hulle afgedwing word.

# Het die PUK dan al begin?

**Streep-streep suiker hulle aan. Dis van Suidwes af, van Namakwaland en van die Kaap. Pa se motor swoeg onder die gewig van sy dogter se pakkerasies. Die flukses het reeds op 11 Feb. hier aangefluit gekom, die ander toon 'n ietwat meer vertraagde reaksie.**

Die eers hol gange, weerklinkend van voetstappe, word meer leefbaar. Vaal kamers kry weer lewe, en verwelkom die jillende groetery van ou bekendes. Sommige nerf-af verbrand, andere met die veraf droomverlore blik in die oë.

'n Klompie dwaas verskrikte eerstejaars skarrel in die gange van ons ou Karlien rond – die ou dames natuurlik dood verveeld en versuur met hul teenwoordigheid. Die oorsaak van die konsternasie? Die Puk het glo begin!

# Nuus uit Hombré

**Na die drie maande se harde werk verwelkom die Hombré manne ieder en elke Puk hartlik terug op die Puk vir ons jaarlikse vakansie.**

Die vraag ontstaan altyd wat het ons eerstejaars al gedoen tot dusver. Behalwe van die Sjampanje-brêkvis met Heide en so 'n paar ander inter-tee's met ander bonafide koshuise, het hulle nie juis iets gedoen nie.

Kyk nou net wat het die ou menere al gedoen, een senior vergadering gehou te Skuur-eetsaal. Twee gangvergaderings elk en dan nog seminaar en kokus vergaderings met tye.

Die oriëntering het baie geslaagd verloop en ons kan met redelike sekerheid sê dat die manne wat nou in die koshuis woon ware Hombré inwonders is.

En wat van die toekoms? Wel een van die dae het ons 'n inter-skaats met Karlien. Net so na Karnaval gaan ons 'n inter hou met een van Tuks of Rau se koshuise om sake bietjie uit te spook.

Met die rugby, tennis, muurbal, skaak ens. wens ons die res van die Puk sterkte toe en begin maar solank oefen as julle iewers wil kom.

# WELKOM AL DIE KLAWERS

**Baie hartlik** welkom aan al die seniors. Ons hoop dat julle die vakansie geniet het en dat die jaar 1977 vir julle vrede en voorspoed sal meebring. Sterkte met die akademie!

Die vakansie het soos gewoonlik sy blink klippies opgelewer! Geluk aan Joana Esterhuizen, Martie Swanepoel en Heidi Martins met jul verlowing.

# Sjampanje-ontbyt by WANDA

Saterdagoggend, 12 Februarie om 6-uur is die Studenteraad by Wanda Dameskoshuis verwelkom. Die dore het 'n erewag tot agter die huisvader se huis gevorm. Daar is die lede van die Studenteraad goed onder hande geneem. Die dore het gesorg dat almal skoon en „blink" was, voordat hulle vir ontbyt kon aansit. Sommige is geskeer en ander se skoene is blink gevryf. Die tafel is pragtig gedek en oral het spyskaarte en vrugtekelkies die tafel versier. Na sjampanje, heerlike omelette en koffie het die studenteraad egter nog nie verkas nie. Toe het die jolyt eers begin. Al die lede van die studenteraad, die HK-lede en die dore het nog lank saam gesing, gelag en sommer gou het almal mekaar geken. So is 'n heerlike sjampanje-ontbyt afgesluit en op almal se gesigte was te sien, dat dit sommer 'n baie groot sukses was.

# KASTEEL KASKENADES

**Verfkolle, skoon nat gordyne en muurbehangsels in wording was aan die orde van die dag die afgelope week in „Sommer-so" se sitkamer.**

„Nou maar waarom al die uithangery?"

„Moenie sê jy weet nie".

Sy Edele Minister B.J. Vorster het weer eens sy sin vir waardes getoon want Kasteel blok J is deur hom die afgelope naweek besoek. Dit is seker 'n skrop of twee werd!

Dankie aan Liberalia wie vir die splinternuwe geverfde plafon verantwoordelik was. ('n Aktiewe dankbetuiging geniet aandag!)

Kasteel se tier het sommer nog gemakliker posisie ingeneem toe hy verneem het dat Kasteel saam met Liberalia die komende Karnaval iets onvergeetliks gaan maak.

Ons dink julle is „groot" en sien uit na alles wat voorlê.

# WAG 'N BIETJIE HIER – WAG 'N BIETJIE DAAR!

**Die nuwe akademiese jaar het alreeds weggespring en Wag 'n Bietjie se dames moet weer eens bewys dat dit die koshuis op die Puk is.**

Hulle reken hulle het die mooiste eerstejaars op die kampus en die manne staan tou vir interaksies.

Na sowat 'n week se harde werk, het Wag 'n Bietjie se primaria skielik in die bed beland met 'n hewige griep aanval. Die onder primaria moes skielik oorneem en sake het seepglad verder verloop.

Die primaria is nou weer op die been en alle inwoners van Wag 'n Bietjie wens haar sterkte toe vir die jaar vorentoe.

Die Hombré manne word hartlik bedank vir die mooi gebaar „blomme vir die primaria".

# ATLETIEK . . . WANDA OP 'N HOË NOOT

**12 Februarie . . . 'n dag om onthou te word. Half twee het eerstejaars en seniors in hulle hordes op getrek na die Fanie du Toit sportstadion om bekende eerstejaars in aksie te sien.**

### BEKENDES

Blink sterre naamlik Vivian Louw (wat die vinnigste tyd in die 100m naelloop het) en Carl Meyer (junior S.A. kampioen van die 3000m stap) was in aksie. As gevolg van die puik kompetisie is hope rekords gebreek. Nanda Barnard (WANDA) het die 110m hekkies se tyd met 0,2 sekondes verbeter. Christine van der Veyver (WANDA) het die hoogspringrekord puik oortref.

### SANG

Alhoewel die son probeer het om die gees te blus, was die sang kompetisie baie straf. Elke koshuis het werklik hard geveg maar almal kan nie wen nie. Myns insiens was WANDA se liedjies die oorspronklikste, dog het VERGEET MY NIE weggestap met die sangbeker. Caput, wat die sangbeker in die mansafdeling gebuit het was onoortreflik!

### EERSTE KEER

„'n Atleet moet kan veg". Hoewaar is dit nie! Baie atlete het vir die eerste keer in hulle lewe die voet op die atletiek baan gewaag en het veral moedig geveg op die middel afstande. Ons sê dankie aan hierdie mense, want sonder hulle sal daar nie wenners wees nie!

### KWAAI STRYD

Terwyl die stryd om die gesogte sangbeker geheers het, het atlete van al die koshuise 'n verbete stryd gevoer om met die lourierkrans huis toe te gaan. Ek moet erken dat ieder en elk hulle bes probeer het. Die stryd in die damesafdeling was veral tussen WANDA en KARLIEN. Op een stadium was WANDA ver voor tog het KARLIEN mooi baklei en die twee opponente was gelyk. Toe KARLIEN egter die voor tou neem het WANDA so geskrik en vreeslik ver gewen. Die wenpunte was ingesamel deur die dames, aflos span bestaande uit Edith Parsons, Vlooi Fouché, Laura Lanchaster en Anita de la Porte. DORP en CAPUT het mekaar lelik opgedreun. Over de Voor se Louis Liebenberg het self 'n hele paar punte vir sy spannetjie ingesamel. Alhoewel DORP en CAPUT kop aan kop gestaan het, het geluk CAPUT met 'n kort koppie laat wen!

### VERENIG

Ons is almal nou PUKKE. Die stryd byl is begrawe, en ons sien werklik uit om ons puik eerstejaars op verdere byeenkomste te sien deel neem. Veral WANDA en CAPUT se atlete behoort nog prag prestasies te lewer. Geluk aan almal wat deelgeneem het.

### DEURBRAAK

Wanda het weer eens die voortou geneem deur die eerste dameskoshuis te wees om 'n eie sweetpak te kry. Ons voorste atlete het Saterdag die sweetpak gedra.

